Samelewingsdiensleer: Finansieringsvoorstel vir 2008

Saamgestel deur prof. Magda Fourie en dr. Mabel Erasmus

Keerdatums

15 April: Begrotingsdokumente word uitgestuur na fakulteite
18 April: UBD-vergadering (sakelyspunte indien op Vrydag 13 April)
31 Mei: Indiening van fakulteite se begrotings vir 2008
26-27 Julie: Begrotingsberaad

1. Agtergrond

Gedurende die vorige bedeling van befondsing vir Samelewingsdiensleer (SDL) is daar, vanaf 2002 tot 2004, fondse vir die ontwikkeling van nuwe modules ontvang van die nasionale CHESP-inisiatief van die Joint Education Trust (tans JET Education Services). Sedert 2004 het die UV, via die Hoofdirektoraat: Samelewingsdiens (HDSD), sg. "saadgeld" gegee vir die ontwikkeling van nuwe modules, asook fondse vir die voortgesette implementering van bestaande modules.

Mettertyd het dit duidelik geword dat 'n stelsel benodig word waarin fakulteite groter seggenskap oor die befondsing van hulle SDL-modules het en gevolglik het die Samelewingsdiensbestuurskomitee (SDBK) op 6 April 2006 besluit dat "alle fakulteite 'n doeltreffende proses sal ontwikkel om SDL te finansier en te befonds as 'n integrale deel van hul begroting" en wel via die sentrale begrotingsproses.

Bogenoemde besluit het vervolgens in die nuwe SD-beleid (September 2006) neerslag gevind en wel in die volgende afdeling en onderafdelings, wat aandui dat die volgende strategieë gevolg sal word:

4.5 Die volhoubare en strategiese toekenning van menslike, finansiële, infrastruktuur- en inligtingshulpbronne vir samelewingsdiens

4.5.5 Binne die perke van bekostigbaarheid, streef die UV daarna om fondse uit die UV se sentrale begroting toe te wys vir die vestiging van kernterreine vir multidissiplinêre betrokkenheid en die implementering van **samelewings-diensleermodules**.

4.5.6 Fakulteite behoort die fondse wat in terme van 4.5.5 toegewys is vir die vestiging van kernterreine vir multidissiplinêre betrokkenheid en die implementering van **samelewingsdiensleermodules** in hul onderskeie begrotings, in te sluit en te administreer.

In weerwil van bogenoemde bepalings was SDL-begrotings (in 2006 ingedien deur die onderskeie fakulteite, met die uitsondering van Ekonomiese en Bestuurswetenskappe en met die oog op implementering in 2007) nie suksesvol nie en het verwarring ontstaan oor die beskikbaarheid van UV-fondse vir SDL al dan nie. As tussentydse maatreël is sekere fondse wel deur 'n SDL-toewysingskomitee toegeken wat deur die Rektor aangewys is, bestaande uit prof. Magda Fourie, prof. Teuns Verschoor en ds. Kiepie Jaftha.

Daar is vervolgens ooreengekom dat ’n nuwe SDL-finansieringsvoorstel met die oog op die 2008-begroting saamgestel word ten einde groter helderheid oor en deelname aan die proses te bewerkstellig. **Aansoeke vir die befondsing van ander samelewingsdiensaktiwiteite word uiteraard steeds deur die HDSD hanteer.**

2. Doel van die dokument

Hierdie dokument verteenwoordig ’n konsepvoorstel vir die finansiering van spesifieke behoeftes van SDL met die oog op die begrotingsproses vir 2008.

Die voorstel is tweeledig en bestaan uit die volgende komponente:

- Begrotings deur fakulteite vir die voortgesette implementering van SDL-modules: prosedure, kategorieë, en so meer.
- Begrotings en die goedkeuringsproses vir die ontwikkeling van nuwe SDL-modules of die aanpassing van bestaande modules om die SDL-komponent in te sluit. Die onderskeie aansoekvorms word ook aangeheg.

3. Voorstel vir SDL-finansiering en -begroting vir 2008

Die volgende word vir oorweging voorgelê:

3.1 2008-finansiering van bestaande SDL-modules (fakulteite begroot)

Daar word voorgestel dat fakulteite en/of skole jaarliks ’n begrotingsaansoek indien vir die SDL-modules wat reeds geïmplementeer word.

Binne die perke van bekostigbaarheid, sal die SDL-fondse waarvoor aansoek gedoen word, uit strategiesekwessiegelde vir Samelewingsdiens bewillig word, dit wil sê bo en behalwe bedryfsbegrotings en SLE-toewysings. Die fondse wat toegeken word, sal direk aan die betrokke fakulteite toegewys word, uiteraard geoormerk vir SDL.

BYLAE A:	**Begrotingsaansoek (riglyn vir fakulteite) vir die voortgesette implementering van bestaande SDL-modules. Hierdie aansoeke word ingedien as deel van fakulteite se begrotings.**

Kollegas word daarop gewys dat bepaalde riglyne deur fakulteite saamgestel behoort te word, om te verseker dat kostedrywers soos (1) die aantal studente per module, (2) afstande wat afgelê moet word en (3) die aantal besoeke aan die gemeenskappe, in oorweging geneem moet word ten einde bekostigbaarheid te verseker.

Daar word byvoorbeeld vermeld dat ’n bestaande riglyn aandui dat indien bykomende personeel benodig word om studente na die diensterreine te vergesel, daar nie vir ’n volledige pos begroot kan word nie, maar slegs vir addisionele personeelure van sodanige fasiliteerders, begeleiers, toesighouers en so meer.

Die volgende prosedure word voorgestel:

Persone/komitees/ strukture	Rol/funksie	Bevoegdheid
1. UV-personeellid of -lede (in oorleg met verteenwoordigers van vennote soos nodig)	Ondersoek vorige SDL-bestedingspatrone en maak projeksie vir 2008	Stel begroting vir 2008 op
2. Programdirekteur/ -bestuurder of departementshoof	Moniteer belyning met programuitkomste	Aanbeveling van aansoek
3. Fakulteit se SD-portefeuljekomitee	Oorweeg bekostigbaarheid en moniteer integrasie met ander SDL-modules van fakulteit	Aanbeveling
4. Fakulteit se Bestuurskomitee (via PK: Finansies)	Bespreking en oorweging van die SDL-begroting	Insluiting in fakulteitsbegroting vir 2008
5. Fakulteit se begroting word by die Afdeling Finansies ingedien	Finansies stel totale UV-begroting saam	SDL-begrotings van fakulteite word aan betrokke lynhoof gestuur
6. Begrotings na die lynhoofde (SDL-begrotings na lynhoof van SHOSO)	Oorweging deur prof. Magda Fourie as lynhoof, in oorleg met die SDL-afdeling van SHOSO	Bespreking met die oog op aanbevelings vir die Begrotingsberaad
7. SDL-begroting word saam met ander begrotings by die Begrotingsberaad bespreek	Bespreking en oorweging	Goedkeuring en aanbeveling
8. Lynhoof: SHOSO	Kommunikasie aan fakulteite oor SDL-toekennings na afloop van die Begrotingsberaad	

3.2 Finansiering vir die ontwikkeling van nuwe SDL-modules vir 2008

Die voorstel is dat daar sentraal hiervoor begroot sal word, dit wil sê deur SDL-afdeling (SHOSO, UB-lynbestuurder: prof. M. Fourie).

Ontwikkelingsfondse ten bedrae van **R20 000,00 word** per module toegeken wat oor ’n tydperk van twee jaar aangewend kan word.

BYLAE B: Aansoekvorm (konsep) vir befondsing met die oog op die ontwikkeling van ’n SDL-module.

Daar word sterk aanbeveel dat een of meer personeellede wat betrokke is by die ontwikkeling van ’n nuwe SDL-module, die HOS717-module (Diensleer/*Service Learning*) moet voltooi sodat die nodige personeelontwikkeling kan plaasvind. As insentief word ’n bedrag van R5 000,00 uit die R20 000,00-ontwikkelingsfondse beskikbaar gestel vir die uitkoop van ’n dosent se tyd of deelname aan ’n konferensie indien HOS717 voltooi word.

Die volgende prosedure word voorgestel:

Persone/komitees/ strukture	Rol/funksie	Bevoegdheid
1. UV-personeellid of -lede (in oorleg met verteenwoordigers van vennote soos nodig)	Ondersoek moontlikhede vir die ontwikkeling van 'n SDL-module	Stel modulevoorstel saam en voltooi aansoekvorm vir SDL-ontwikkelingsfondse
2. Programdirekteur/ -bestuurder	Ondersoek belyning van modulevoorstel met program-uitkomste	Aanbeveling van aansoek
3. Fakulteit se SD-portefeuljekomitee	Oorweeg voorstel en ondersoek integrasie met bestaande SDL-modules en SD-projekte	Aanbeveling
4. Fakulteit se PK: Programme en Fakulteitsraad	Stel vas of module aan neergelegde riglyne voldoen	Aanbeveling en goedkeuring
5. SDL-werkkomitee (insluitend fakulteite se SD-komiteevoorsitters en SD-koördineerders, sowel as ander belanghebbendes soos nodig)	Bestudeer voorstel met die oog op koördinering met bestaande inisiatiewe	Aanbeveling
6. SHOSO-lynbestuur: mnr. F. Marais en prof. M. Fourie	Bestudeer met die oog op befondsing	Goedkeuring vir befondsing
7. SDBK	Ondersoek verdere integrasie- en belyningsmoontlikhede	Kennisname

4. Verslagdoening

Daar word voorgestel dat die webgebaseerde SDL-databasis wat tans ontwikkel word, deur fakulteite en deur die Afdeling: SDL van SHOSO vir doeleindes van verslagdoening en gehalteversekering aangewend word.